Sinode Hoëveld
Uit gemeentes vir gemeentes na die wêreld tot eer van God

NUUSBRIEF # 3

28 JANUARIE 2016

NUUS VANAF DIE SINODALE KANTOOR

Geagte leraar, jeugwerker of jeugmentor

Sal jy graag by jou plaaslike skool betrokke wil raak om die jeug te bemagtig?

ToekomsNou bied 'n spesiale kursus aan wat:

- Jou gaan leer hoe om jou plaaslike skool te nader en betrokke te raak.
- Jou die gereedskap gee om opwindende sessies met die jeug aan te bied.

Die kursus kos slegs R100 en sluit verversings en jou eie Hey Lead pakket in.

VBO punte sal toegeken word.

Herstelproses - Dr. Bertus Koorts:

Ek wil net graag laat weet dat dit heelwat beter met Bertus Koorts gaan. Hy is Maandag, 25 Januarie uit die hospitaal ontslaan en sterk tans by sy kinders in Bloemfontein aan.

Ook het ek Maandag self met hom gepraat en hy sê dankie vir elkeen se gebede in hierdie tyd.

Groete van huis tot huis!

Hugo van der Linde
SDK Voorsitter

NG Sinode Hoëveld

Uit gemeentes vir gemeentes na die wêreld tot eer van God

PREDIKANTE-BYEENKOMS

ACHTERBERGH

29 Februarie -1 Maart 2016

Hoe seil ons in die wind van die Perfekte Storm?

2016 is 'n Skrikkeljaar en ons is almal skrikkerig vir die impak van die droogte en swak ekonomiese toestande. Die kommissie vir Predikante-begeleiding reël jaarliks wegbreke om predikante toe te rus en te laat rus. Ons het hierdie jaar gekies om eerder met 'n groot byeenkoms te begin waarna ons jou spesifiek uitnooi. Ons gaan geestelike insette kry, maar ook mekaar in die oë kyk en hoor hoe dit gaan. In die baie gesprekke wat in die kerk gevoer word, is dit belangrik dat ons mekaar sal hoor.

Spreker:	Callie Roos
Datum:	Maandag, 29 Februarie 10:00 tot Dinsdag, 1 Maart 2016 om 13:00 Ons begin Maandagoggend laat genoeg sodat jy na die verkeer kan ry en ons maak Dinsdagmiddag vroeg genoeg klaar dat jy weer voor die verkeer tuis kan wees.
Koste:	Slegs R 200 per persoon wat 3 etes en slaapplek insluit.
Sluitingsdatum:	22 Februarie 2016

Ons spreker sê die volgende oor ons byeenkoms:

Selfbestuur: op pad na sinvolheid - 'n kreatiewe wetenskap! Leiers in bevel - 'n vreemde paradigma of is dit?

Bitter min mense kan hoegenaamd getuig van 'n sinvolle lewensbestaan. Nog erger is hulle onvermoë van hoe om daarby uit te kom. Vir my persoonlik is die padkaart na 'n bestaan wat getuig na sinvolheid **'n baie eenvoudige wetenskap!** In hierdie gesprek wil ek graag aandui dat so 'n getuienis nie net moontlik is nie maar dat dit ook een van die mees opwindende en kreatiewe prosesse in jou lewensreis kan wees. Die kuns om te lewe!

Die vraag is natuurlik wat maak dit vir die gelowige dan enigsins uniek anders! Verder wil ons delf in 'n diepere of ander verstaan van leierskap en hoe dit behoort uit te speel in die dinamika van 'n oop sisteem-ontwerp.

Het ek of iemand al die antwoorde? Nee, maar ek is bereid om saam met julle op reis te gaan in ons soeke na nuwe betekenis en verstaan.

Iets meer oor ons spreker: Callie Roos is die eienaar van 'n onderneming wat besighede en gemeenskappe fasiliteer vir sukses en vooruitgang. (www.onpurpose.co.za)

NUUS VANUIT DIE ALGEMENE SINODE KANTOOR (http://ngkerk.org.za/wp/)

Aangeheg hierby die volgende:

- 'n Brief van dr Gustav Claassen, Algemene Sekretaris, waarin die kerk versoek word om hulp te verleen in droogtegeteisterde gebiede.
- 'n Persverklaring van die Moderatuur oor Rassisme.

PUBLIKASIES

Die eerste drie Bybelkor-publikasies vir die nuwe jaar is nou beskikbaar.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.co.za

Perspektiewe op die koninkryk-reeks – 'n Koninkryk van genade (Boek 1)



God het 'n *genade*verbond met ons gesluit. Genade beteken ons kry wat ons nie verdien nie. Dit maak nie vir ons sin nie. Maar juis dít is die punt van genade: Genade is onverdiend en … God se koninkryk is vol van hierdie genade, onbeskryflik groot.

Gespreksgids vir Kleingroepe/Bybelstudiegroepe – agt besondere gespreksgeleenthede.

Prys: **R 55,00** (BTW en posgeld ingesluit).

ToekomsVenster – Ons behoort aan mekaar
Stiltetydgids – 45 dagreise oor liefde vir mekaar

Mense beleef God dikwels op 'n afstand. Daar is verskillende redes hiervoor. Een daarvan is dat hulle gewoon nie meer ervaar dat God in die wêreld werksaam is nie.

Ek glo die liggaam van Christus kan hierdie negatiewe ervaring verander. Ek glo die liggaam van Christus wat getrou bly aan die waarheid, Jesus Christus, wat hierdie waarheid verkondig en wat in gemeenskap met Christus al hoe meer soos Hy word, kan die "afstand" van God oorbrug.

Mag hierdie stiltetydgids oor ons liefde vir mekaar jou en jou gemeente help om waarlik God se hande, voete, oë en hart in hierdie wêreld te wees sodat al hoe meer mense sal sê: "As God my Vader is, is die kerk my moeder."

Prys: **R 100,00** (BTW en posgeld ingesluit).

Sinode Hoëveld

Uit gemeentes vir gemeentes na die wêreld tot eer van God



God's mystery
Afrikaanse weergawe: Godsgeheim

Jaap Durand leads us on a journey through the most important Western schools of thought on the relation between faith and science. Scientific discoveries since the 17th century highlight the staggering complexity of life and the universe.

Thoughtful believers have gained new insight into their faith in response to this expanding scientific vision.

Prys: **R 155,00** (VAT and postage included).

HOPE MINISTRIES – ZIMBABWE

Dominee Jaco de Bruyn, PO Box 122, Marondera.
Foon en faks 00263-79-23817

E-pos: lite1277@gmail.com

NUUSBRIEF **JANUARIE 2016**

Liewe vriende,

Mag die keur van die Here se seëninge u te beurt val in die nuwe jaar.
Ek is baie dankbaar vir die wyse waarop ek hier diensbaar kan wees in die koninkryk van Jesus. Ek gee in hierdie brief 'n opsomming van sommige van die projekte waarby ek betrokke is.
Die gebare van waardering wat ek van inwoners hier ontvang, het weer onderstreep hoe belangrik die verkondiger se volgehoue teenwoordigheid is vir diegene wat die Woord ontvang.
Ongelukkig moet ek ook sê dat my finansiële toekoms op die oomblik baie donker lyk.

Een van die gemeentes wat my werk ondersteun, het laat weet dat hulle dit ongelukkig vanaf Februarie 2016 nie meer kan doen nie. Die daling in die waarde van die Rand dra tot die dilemma by. Ek doen reeds los handewerkies om my inkomste aan te vul, maar dit stop nie al die gate toe nie. Ek leef maandeliks in vertroue op die Here in totale afhanklikheid, maar tog is daar uitgawes wat nie gedek kan word nie. Die gebrek aan inkomste kortwiek ook die werk van die Here hier. Daarom neem ek in hierdie brief vrymoedigheid om te vra dat elkeen wat vir my en my werk bid, ook sal kyk of dit nie moontlik is om wel ook iets finansieel by te dra nie.

PROJEKTE

Op die foto links is die leiersgroep van die gemeentetjie op die plaas. Hulle organiseer self die gemeente se aktiwiteite. Ons volg die Nehemia Bybelinstituut se kursus. Aan die einde daarvan sal hulle gekwalifiseerde pastore wees. Ons is nog op soek na USD 100 om die inskryfgeld klaar te betaal. Ongeveer R1 500.

Sinode Hoëveld

Uit gemeentes vir gemeentes na die wêreld tot eer van God

Die Sondagskool (foto regs) se getalle styg en daal na gelang daar iets is om te eet. **Bid asb.** dat Jesus Hom aan elkeen sal openbaar en dat hulle die sin van hulle lewens sal ontdek. Ook dat hulle die voorreg mag hê van volwassenes wat by hulle opvoeding betrokke is.

Daar was geleentheid om saam met die evangelisasiespan van die RCZ Marondera-gemeente die Jesusfilm op die platteland te gaan wys. Die belangstelling was min o.a. omdat die film al wyd bekend is in Zimbabwe. Meer moet gedoen word om jong Christene te leer om hulle Bybel te ken en reg te gebruik. **Bid asb. daarvoor**.

Die vermeerdering van St Cyprian laerskool se biblioteekrakke het baie tyd en onkoste geverg. (Foto links). Ons benodig nog USD 150 (ong R1 500) om dit heeltemal klaar te maak. Die boeke is donasies van verskillende instansies af. Wanneer volledig in gebruik, sal dit 'n groot verskil maak ten opsigte van die kinders se leesvaardigheid.

Ek het die geleentheid om weekliks met die graad sewes te gesels oor wat die Bybel sê oor praktiese verhoudingskwessies. Op die foto regs onder is hulle besig om na 'n DVD te kyk wat 'n onderwerp illustreer. Ongelukkig het die skool se TV stel geval en nou is dit elke keer 'n geskarrel om iewers een te leen indien 'n DVD gewys moet word.

Links onder is 'n foto van die jaarlikse prysuitdeling by St. Cyprian. Die skooltjie beskik nie oor 'n saal nie en daarom is dit telkens in die buitelug. Dit is 'n geleentheid om die evangelie te verkondig aan kinders en volwassenes wat selde of ooit in die kerk kom.

Tydens die prysuitdeling kry die graad R-leerlinge geleentheid om luidkeels in Engels te verkondig wat hulle geleer het. Groot is die trots van die ma's, tannies en ouer susters wanneer hulle outjie aan die beurt kom.

Die werk gaan voort te midde van die stryd om bestaan. **Bid asseblief** dat die Here ons sal vashou en dat ek duidelik sal hoor wat Sy opdragte is. U is deel van dit wat ek hier doen. Baie dankie vir u gebede en finansiële ondersteuning**.** Dit word hoog op prys gestel! Mag ons Hemelse Vader u oorvloedig seën!

Ds Jaco de Bruyn.

****

Vanaf die VRIENDE VAN ZIMBABWE-stuursel vra ons dat u asseblief biddend oorweeg om ds Jaco se werk in Marondera maandeliks te ondersteun. Selfs 'n gereelde bedrag van R50 'n maand sal 'n verskil maak.

Bankbesonderhede: Jaco de Bruyn, Standard Bank, Woodbridge Square, Takkode: 012442, Reknr. 626-752-159 . (*Skryf asseblief u kontakbesonderhede op die inbetaling vir verwysing.)*

Stuurselkontakpersone: Francois Conradie (Voorsitter) 082 447 6485, e-pos: thusang@mweb.co.za; Hetta Kotze (Nuusbrief) 072 684 9585, e-pos: hobbit@telkomsa.net.

VAKATURES

VOLTYDSE MAATSKAPLIKE WERKER - TUTELA GESINSORG SUIKERBOS

Werksgebied: Nigel, Ring van Heidelberg

Aanstelling geskied op: **1 April 2016**

Vereistes vir die pos:

- Geregistreerde Maatskaplike Werker by SACSSP met bewys van betaling van ledegeld.
- Kennis van kerklike maatskaplike dienste is 'n aanbeveling
- Uitgebreide kennis van alle maatskaplikewerkmetodes.
- Goeie administratiewe vaardighede.
- Rekenaarvaardigheid.
- Uitstekende kommunikasievaardighede in Engels en Afrikaans.
- Moet onafhanklik kan werk en funksioneer maar ook waar nodig as deel van 'n span kan werk.
- Geldige Kode 8 bestuurslisensie.
- Die bestuur behou hul die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 12 Februarie 2016

Stuur CV en aansoek aan:

Tutela Gesinsorg Suikerbos
E-pos: cmrnigel@mweb.co.za

Navrae:
Die Assistent Direkteur Tutela Maatskaplike Dienste
Me. Lourette van Heerden
Tel: 011 975 8220
E-pos: lourette@tutela.org.za

VOLTYDSE LERAAR (SENIOR JEUGBEDIENING) - NG GEMEENTE WELTEVREDEN

Aansoekers moet hulle in die Missionale kultuur van die gemeente kan tuisvoel en help om dit verder uit te bou. **Die fokus van die suksesvolle kandidaat se bediening sal wees om tieners en jongmense saam met hulle ouers en vriende te begelei op 'n reis van geloofsgroei en dissipelskap.** Verder sal dit behels om netwerke in die stad Johannesburg op te bou & om 'n geloofspad vir jongmense, hulle gesinne en vriende moontlik te maak.

Ons is oortuig dat die volgende bedieningsvaardighede die visie en roeping van die gemeente ondersteun: Ons sal graag wil hoor hoe kandidate hulle eie spiritualiteit beskryf.

- Die vaardigheid om die Bybel saam met die gemeente te lees en oop te wees om die werking van God (missio Dei) in Woord, gemeente en konteks te onderskei.
- Vaardighede om in 'n span saam te werk en dus prakties uiting te gee aan ons oortuiging dat ons 'n gemeenskap van liefde en inklusiwiteit is. Ons stel dus baie belang in kandidate se verstaan van liefde in 'n geloofsgemeenskap, en ook inklusiwiteit en gasvryheid.
- Die vaardigheid om transformasie te begelei, veral saam met jonger generasies. Ons stel belang in die kandidaat se verstaan van klimaatskepping en mentorskap, hoe begeleiding werk, en hoe dit veral op jonger generasies van toepassing is.
- Die vorming van netwerke om die geloofsreis van jongmense te ondersteun.

Ons vier waardes moet in elkeen van ons bedienings sigbaar wees, nl.
~ Deernis aan weerloses
~ Elke generasie
~ Vreemde gasvryheid
~ Diep vriende

Aansoekprosedure:

Gelegitimeerde leraars van die NG Kerk met 'n minimum bedieningservaring van 3 jaar in jeugwerk, kan aansoek doen deur die volgende aan die kerkraad voor te lê:

- 'n CV (nie langer as 4 bladsye nie) vergesel van drie referente met kontakbesonderhede, waarvan een 20 jaar of jonger moet wees.
- 'n Kort voorlegging van u siening van 'n bediening aan jonger generasies.
- 'n Opname van 'n onlangse preek
- 'n Video opname van 3 min (bekendstelling van jouself)

Stuur aansoeke met 'n dekbrief aan mnr Jurie Ferreira (bestuurder@ngweltevreden.co.za).

Rig navrae aan:

Jurie Ferreira (Gemeentebestuurder)	Ds Hettie Wessels (Spanleier)
011 475 5510	083 254 6833

Sluitingsdatum vir aansoeke: **31 Januarie 2016**
Diensaanvaarding: Onderhandelbaar rondom 1 April 2016
Die vergoedingspakket word deur die riglyne van die Sinode Hoëveld bepaal, en daar is ruimte vir onderhandeling m.b.t. verblyf.

Die Kerkraad behou homself die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Sinode Hoëveld

Uit gemeentes vir gemeentes na die wêreld tot eer van God

Ons is op soek na ENIGE interessante nuusbrokkies!
Ons wil ook baie graag inligting van ons leraars in die nuusbrief plaas.
Laat weet ons asseblief wanneer daar nuwe leraars by jul gemeentes is, of bevestig word, emeriteer en selfs na ander Sinodes verhuis. Enige nuus is welkom!

BESOEK ONS OOK OP *FACEBOOK*

WWW.FACEBOOK.COM/SINODEHOEVELD

VRYWARING

*Die inligting wat voorsien word en standpunte wat gehuldig word in die **NUUS VANAF HOËVELD SINODE** behels, het geen verifiëring van bevindinge, gevolgtrekkings en opinies deur die NG Kerk van Suid-Transvaal [NG Sinode Hoëveld] nie. Dus weerspieël die inligting en standpunte wat in die **NUUS VANAF HOËVELD SINODE** gehuldig word nie noodwendig die van die NG Sinode Hoëveld of sy personeel en lede nie. Menings, afleidings en ander inligting in hierdie boodskap wat nie verband hou met die amptelike werksaamhede van die NG Sinode Hoëveld nie, verteenwoordig nie die amptelike standpunt(e) van die NG Sinode Hoëveld nie.*

***NUUS VANAF HOËVELD SINODE** plaas slegs nuus en inligting vanaf die sinodale, rings- of gemeentelike verband.*

*Die NG Sinode Hoëveld aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige benadeling en/of skade aan persone of eiendom as gevolg van produk-aanspreeklikheid, waninligting verskaf, nalatigheid of die gebruik van enige metodes, produkte, instruksies of idees wat vervat is in die materiaal soos opgeneem in die **NUUS VANAF HOËVELD SINODE** nie. Die inligting en advies is beskikbaar gestel in goeder trou en is afgelei van die inligting verskaf deur die betrokke organisasie/persoon en word voorgehou as betroubaar en akkuraat ten tye van die bekendstelling daarvan. Dit is die verantwoordelikheid van die gebruiker om sy of haar eie besluite te neem oor die akkuraatheid, geldigheid, betroubaarheid en korrektheid van die inligting. Dit beteken dat die instansie en/of die betrokke persoon wat die plasing in die **NUUS VANAF HOËVELD SINODE** versoek, dan volle verantwoordelikheid vir die gebeure of inligting aanvaar.*

Vir enige navrae in verband met hierdie Nuusbrief skakel gerus me N Marais by 011- 975 8220.